19/81

PIET RANKWE vs THE STATE

Saaknommer 329/85

mp

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

PIET RANKWE Appellant

en

DIE STAAT Respondent

CORAM: HOEXTER, VAN HEERDEN et JACOBS, ARR

VERHOOR: 7 Maart 1986

GELEWER: 18 Maart 1986

---

U I T S P R A A K

HOEXTER, AR .....

HOEXTER, AR,

Dit is 'n strafappèl. In die Rondgaande Hof te Lydenburg, Transvaal, is die appellant in hierdie saak aan moord skuldig bevind en, by ontstentenis van versagtende omstandighede, ter dood veroordeel. Met verlof van hierdie Hof kom hy in hoër beroep teen die bevinding dat geen versagtende omstandighede aanwesig was nie, en teen die opgelegde vonnis.

Die kernfeite van die geval is die volgende. Die appellant, 'n 27-jarige manspersoon, en die oorledene, 'n middeljarige man, was albei inwoners van Sekhukhune. Die oorledene was die slagoffer van 'n koelbloedige sluipmoord. In 'n skielike rugaanval op die niksvermoedende oorledene het die appellant die oorledene met 'n byl drie houe op die kop toegedien, elkeen waarvan skedelbreuk tot gevolg gehad het. Die oorledene het aan uitgebreide breinskade beskwyk.

By sy verhoor is die appellant deur 'n advokaat bygestaan. Uit die aangevoerde getuienis het die volgende

geblyk. ........

geblyk. Die oorledene is op 5 Augustus 1983 om die lewe gebring. Op 6 Augustus 1983 het 'n sersant in die Lebowa polisie die appellant se klere ondersoek en 'n kontantbedrag van R200 gevind. Op 7 Augustus 1983 het die appellant 'n byl aan dieselfde sersant uitgewys. Op 8 Augustus 1983 het die appellant 'n verklaring voor 'n magistraat van die distrik Sekhukhune afgelê. Dit was gemeensaak dat by aflegging daarvan daar aan die statutêre toelaatbaarheidsvereistes voldoen is; en by ooreenkoms is die inhoud van die verklaring aan die Verhoorhof voorgelees. Luidens die verklaring het ene Makgalemane die appellant oorreed om teen vergoeding die oorledene te vermoor; en met die oog daarop sou Makgalemane ook aan die appellant 'n byl gegee het. Van die daaropvolgende gebeure word die volgende relaas in die appellant se verklaring vervat -

> ".....I went away to the place where the victim was. I concealed the axe behind a certain house and went to sit next to my victim, the deceased. He at that stage

requested ........

> requested me to accompany him to his in-laws. We then went out of the court-yard together. Before we left I took possession of my axe and went away with the deceased. Along the way I chopped the deceased with the said axe about twice."

Op die volgende dag, aldus die appellant se verklaring, het Makgalemane hom R200 betaal en terselfdertyd belowe om hom later 'n verdere R200 te betaal. In die slotgedeelte van sy verklaring sê die appellant dan verder:-

> "Had it not been for the fact that I was in dire need of money I would not have done what I did. I was under the influence of Makgalemane to carry out his filthy work. He was pestering me every time to get rid of the deceased who is Makgalemane's son-in-law ...... The said Makgalemane got on my nerves to such an extent that I had no alternative but to carry out his instructions. He, moreover, provided me with employment, accommodation and food. I did not wish to let him down. That is all."

By die verhoor is ene Tshego as staatsgetuie opgeroep. In sy hoofgetuienis het Tshego gesê dat hy vir Makgalemane 'n huis gebou het en dat die appellant sy handlanger was. As

vergoeding ......

vergoeding vir gemelde bouwerk het hy (Tshego) R460 van Makgalemane ontvang en hiervan het Tshego in totaal 'n bedrag van R120 aan die appellant betaal. Volgens Tshego het hy en die appellant terwyl hul die huis gebou het hul eie kos geëet. Tshego het verder getuig dat die appellant nie honger gely het nie. In kruisondervraging van Tshego is sy getuienis hierbo aangedui nie betwis nie.

Na afloop van die staatsaak het die appellant sy saak gesluit sonder om self te getuig of om enige verdedigingsgetuies op te roep. Na skuldigbevinding egter, en met betrekking tot die aangeleentheid van versagtende omstandighede, het die appellant wel getuig. Hy het die Verhoorhof vertel dat oor 'n tydperk van twee weke voor die voorval Makgalemane by verskeie geleenthede na hom toe gekom het en hom probeer oorreed het om die oorledene te vermoor; maar dat hy elke keer geweier het. Op die dag van die voorval het Makgalemane gedurende die oggend weer eens aan die appellant gepor; en laat die middag het hy vir die

appellant meegedeel dat hy die oorledene "by 'n sekere drankplek" gesien het. Makgalemane het toe by sy eie huis vir die appellant drank gegee en daarna het die appellant na die besondere plek deur Makgalemane genoem, gegaan en die oorledene daar aangetref. Die appellant is toe eers weer terug na Makgalemane, waarop laasgenoemde aan hom gesê het -

> "Gaan maak hom nou dood, ek sal vir jou R200 gee."

Hierop het die appellant ingestem om die oorledene om die lewe te bring.

In die loop van sy hoofgetuienis is die appellant uitgevra na die uitwerking op hom van die drank wat Makgalemane aan hom sou gegee het. Die appellant se antwoord was dat hy nie weet of hy "dronk was of nie"; dat hy egter "nie reguit geloop het nie"; en dat die drank hom "in die sonde gebring het" omdat hy toe later wel die oorledene om die lewe gebring het. Gedurende kruisonder=vraging kon die appellant slegs onthou dat hy die oorledene

twee ..........

twee houe met die byl toegedien het. Hieraan het hy toegevoeg -

> "Ek kan nie meer onthou nie, want ek was ook dronk gewees. Ek onthou baie goed van die twee houe."

Hier dien opgemerk te word dat die appellant se herinnering van die voorval andersins sowel duidelik as omvattend was. Wat helder uit sy hele getuienis straal is sy vermoë om sy presiese optrede by elke fase haarfyn te kan beskryf. In die loop van sy kruisondervraging het die appellant toegegee dat hy ten tyde van die voorval nie honger gely het nie, en dat hy slegs 'n behoefte aan skoene gehad het. Ten slotte het hy aangevoer dat hy deur Makgalemane gedwing is om die misdaad te pleeg; en dat hy bang geword het omdat Makgalemane daarop aanspraak gemaak het dat hy 'n toordokter sou wees. Afgesien van die feit dat laasgenoemde brokkie getuienis klaarblyklik 'n nagedagte aan die kant van die appellant was, moet verder vermeld word dat die appellant in sy verklaring voor die magistraat van die drank wat

Makgalemane aan hom sou gegee het geen woord hoegenaamd gerep het nie.

By sy beoordeling van moontlike versagtende omstandighede was vir die Verhoorhof die oorheersende faktor in die saak wat hy as die deurlopende "tema van doodmaak vir geld" bestempel het. Rakende die moontlike uitwerking van sterk drank op die appellant het die geleerde Verhoorregter hom soos volg uitgelaat:-

> "Die beskuldigde se relaas van wat daar gebeur het voor, tydens en na die doodslag toon dat die drank, indien hy drank ingehad het, geen rol gespeel het nie."

In bostaande verband het die Verhoorhof ook die strekking van die appellant se verklaring voor die magistraat bygehaal.

Die appellant se appèl is deur adv. <u>Hopf</u> (wat nie by die verhoor verskyn het nie) beredeneer. Hy het aangevoer dat die appellant se vermoë om 'n volledige relaas van die betrokke gebeure te gee slegs dui op die

gevolgtrekking .......

gevolgtrekking dat hy ten tyde van die voorval nugter genoeg was om die opset om te dood te koester; maar dat hierdie feit nie noodwendig die moontlikheid van 'n verminderde verwytbaarheid weens sy drankinname uitskakel nie. Gedagtig aan die trefpunt van die bewyslas met betrekking tot die bestaan van versagtende omstandighede is ek egter nie daarvan oortuig dat die Verhoorhof by sy bevinding in verband met die rol van drank by die pleging van die misdaad enigsins fouteer het nie. Namens die appellant is verder in oorweging gegee dat by beoordeling van versagtende omstandighede die Verhoorhof die appellant se betreklik lae beskawingspeil, die besondere verhouding tussen Makgalemane en die appellant, en die druk wat Makgalemane op die appellant uitgeoefen het uit die oog verloor het. Maar ofskoon die Verhoorhof in die loop van 'n ietwat beknopte uitspraak met betrekking tot versagtende omstandighede nie hiervan uitdruklik melding gemaak het nie, blyk dit uit die Verhoorregter se opmerkings by oorweging van die aansoek om verlof om te appelleer wat

aan hom gerig is dat gemelde faktore inderdaad deur die Verhoorhof in aanmerking geneem is.

Die betoog dat die Verhoorhof by sy ondersoek na die bestaan al dan nie van versagtende omstandighede 'n mistasting begaan het, kan mi nie opgaan nie. Na my oordeel kan daar ook nie met welslae aangevoer word dat by sy bevinding in hierdie verband die Verhoorhof 'n beslissing gevel het wat 'n hof, met behoorlike inagneming van al die feite van die geval, nie redelikerwys kon vel nie. Bygevolg kan daar nie met die Verhoorhof se bevinding dat versagtende omstandighede nie bewys is nie ingemeng word nie.

Die appèl word afgewys.

G G HOEXTER, AR

VAN HEERDEN, AR)
JACOBS, AR) Stem saam